**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I.1.11 VOL: 81 PG. 4187 - 4216.

**SAAKNOMMER: CC 482/85**

DELMAS

1986-05-06

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** E[N]

**ASSESSORE:** **MNR. W.F. KRUGEL**

**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:**

**ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

81

**NAMENS DIE VERDEDIGING:**

**ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 81** (**IN CAMERA-GETUIE NR. 12**)

(**Bladsye 4 187 - 4 216**)

HOF: Ope hof of nie ope hof nie, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Ek gaan aansoek doen vir camera. U Edele, die getuie wat ek gaan roep gaan oor die videobande, BEWYSSTUKKE 11 EN 28. Oor daardie twee videobande gaan hy getuienis gee. Dit gaan 'n getuie wees wat die vergaderings bygewoon het wat ek gaan roep en ek vra, en ek wil die versoek rig dat hierdie aansoek dat hy sy getuienis in camera lewer - die aansoek wat ek dan wil rig aan die Hof sal wees in terme van artikel 65, ook in camera. Ek sien die pers is by. In die verlede het hulle altyd ...

HOF: Ja, die bevel is dat hierdie deel in camera gedoen word totdat ek beslis het of die getuie in camera sal getuig of nie, word die pers ook versoek om die saal te verlaat. Het ek dit reg, mnr. Jacobs, dat u 'n getuie gaan roep wat vir my die bande gaan identifiseer as synde iets wat hy daar gesien het?

MNR. JACOBS: Dit is korrek.

HOF: Het hy die bande al gespeel gesien later?

MNR. JACOBS: Op 'n later stadium wel.

HOF: Ek dink dit is nie 'n gesonde beleid dat 'n Hof videobande sien van gebeure wat die publiek ook gesien het terwyl die publiek dit nie mag sien nie. Is daar nie 'n ander metode nie, voordat ek nou beslis oor die vraag of hierdie man in elk geval ten volle moet getuig in die openbaar, kan hy nie net eenvoudig in camera getuig en sê dat hy die bande eien nie? Die bande moet tog aan die Hof vertoon word.

MNR. JACOBS: Dit is reg.

HOF: En dat ons dan in die openbaar in elk geval die bande sien.

MNR. JACOBS: U Edele, op die bande is insidente en dinge en mense wat hy moet identifiseer en ...

HOF: Dan moet hy sê kyk daardie persoon wat ek nou daar sien is mnr. X.

MNR. JACOBS: Ja, en hy moet gebeurtenisse op die band moet hy

identifiseer/..

identifiseer. Ek het probeer - ek het My Geleerde Vriend gevra of hulle dit gaan betwis en of ons dit nie op 'n soort van 'n toestemmingbasis ... nie, maar die houding van die Verdediging is dat die Staat moet alles bewys. So, ek sit in 'n probleem. Ek weet nie hoe kan ek die Hof daar tegemoetkom dat die bande dan in die openbaar gespeel word terwyl die getuie dan wel hierso sal moet wees om sekere aspekte uit te wys.

HOF: Hoe lank neem die speel van die bande?

MNR. JACOBS: Party van hulle neem tot twee ure, twee en 'n half ure. Dit is min of meer die lengte van 'n ...

HOF: Ja wel, laat ons nou eers oor die vraag praat waarom hierdie man in camera moet getuig.

MNR. JACOBS: Die persoon is 'n sensitiewe persoon. Hy was lid van sekere van die organisasies, onder andere COSAS EN AZASO. As 'n getuie wat dan vir die "establishment", om die woord te gebruik, dan te kom getuig, is sy lewe beslis in gevaar, as 'n "sell-out" wat hy dan uitgemaak sal word en hy is in 'n vrees en dit is ook in belang van die regspleging dat die getuie dan beskerming geniet sodat hy vry voel om te kan getuig in hierdie hof.

HOF: U sê hy sal sê hy was op sekere van die vergaderings en wat ons nou op die band sien het hy daar gesien en die persoon wat nou daar praat of staan of iets doen is mnr. X?

MNR. JACOBS: Dit is reg. Hy sal identifiseer van die persone. Hy mag dat hy homself ook op die bande kan identifiseer en hy moet insidente of gebeure op die bande identifiseer, waarnemings wat die Hof ook self kan doen, maar dit is die insidente wat hy identifiseer en waarom hy dit onthou.

HOF: Mnr. Bizos, voordat ek die getuie aanhoor, wat sê u?

MR BIZOS: My Lord, we object to this. We do not know who this person is or what his position was, but let me take the opportunity of putting the following on record: I think that the

State/..

State may have - I am using the word because it has come to mind without intending any disrespect - may have misdirected itself in relation to our objection or rather our lack of consent. There are certain legal requirements which have to be established before a video or any such material can be placed before Your Lordship. The identification of, I am using names, Mr Sisulu, who is not before Your Lordship, or Mr Salutje, this is not - I think we have indicated to Your Lordship that we are not running this case on the basis that the office bearers of the UDF ought to be identified. That does not present any problem, but with the greated respect I do not know the extent to which the State is going to solve its problems by calling a witness who was there because that is not the issue upon which the objection is going to be argued in due course, when the State reaches the stage when it wants to tender the videos, but if I may confine myself to Your Lordship's question in relation to this, My Lord, people may find it convenient or more comfortable to give evidence in camera, but with the greatest respect if they give evidence of events that happened in public they themselves were there as members of the public or office bearers and the State believes that it can, through this evidence, prove something that it might not be able to prove otherwise, then in our respectful submission we are going to have what I with the greatest respect would describe something nearing a farce, that Your Lordship will be called upon to view <u>in camera</u> that which the world was able to see openly. The authorities are clear as to what has to be proved before a video is to be proved.

<u>COURT</u>: Could I ask you this, Mr Bizos, say for example the witness had been an ANC member and his evidence would be "Well, I was sent there by the ANC to observe, this is what I observed", what would we have done them with him?

MR BIZOS: Well, My Lord, it may well be that Your Lordship's judgment in relation to members of the ANC and the evidence that Your Lordship has heard, because he was admittedly party to an unlawful conspiracy, because there are pamphlets. That would be a distinguishable case, but Your Lordship will have enquired and balance the following: The ANC member who comes along and says this is what happened in the small room in which the conspiracy was hatched, is one thing, but if an ANC member is necessary in order to prove that there was a meeting at the city hall at which Mr X addressed the gathering of 1 600 people, to come and speak in secret as to what happened at the city hall, I am not at all certain that Your Lordship would not have put an addendum to Your Lordship's judgment that having to weigh this person's protection and the image of the administration of justice in relation to abjudicating upon matters which happened in open public, weigh the two, I cannot be seen as a Court listening to evidence behind closed doors about what happened in the presence of newspaper men, newspaper women, video operators, television cameras, because the impression in the public mind will inevitably be created what is it that the light of day cannot see. The answer may be the identity of this person, but why is it necessary when there are 1 600 people available, people who had taken the videos, people who were there, people who know these people, why do we have to have a person who is afraid to give evidence in open court for some reason or another? If he wants to give evidence about something else or some incident that My Learned Friend wants to speak about, by all means let there be an application for that, but I submit with the greatest respect to see videos behind closed doors is just absurd, with the greatest respect, and it is not distinguisable from the situation that certain persons wanted to give evidence behind closed doors in relation to

public/..

public meetings. This is so much a fortiori test for Your Lordship to exercise your discretion against because what we have is that - if it is a little public meeting somewhere in Small Farms because it happened openly then we have the person giving evidence in open court, but where we have a meeting which is described sufficiently important apparently to attract television and cameramen to have a video, then we have to have it behind closed doors. It does not make sense with the greatest respect. It may well be that if the State otherwise proves the legal requirements, because even if this person comes into court and says yes, I recognise that this was the hall and I recognise that this was Mrs X and that was Mr Y and that is Mr Lekota and that is Mr Molefe, that will not make the video, as we understand the authorities, admissible.

COURT: Well, that is a debate I have to hear.

MR BIZOS: That is so.

COURT: When are we going to have that, because we cannot do it after I have looked at the vido.

MR BIZOS: No, My Lord, because what I have to - it is a debate. It is a debate which has to be initiated when the State says this is the evidence that we have and we now invite Your Lordship to have a look at the video, then we will say well, this, that and the other has not been shown and hearing a witness in camera, that he was at a particular meeting, isn't an answer on the authorities as we see them.

COURT: Well, that is an aspect I would like to be addressed on, but shouldn't I be addressed on that before we go through the whole process of producing the video?

MR BIZOS: Well except, My Lord, I am going to be brutally frank with Your Lordship. I do not think that it is our function to give the State an advice on evidence.

COURT: No, Mr Bizos, but the trial has to run smoothly. Now you want me, first of all, to rule that this witness gives his evidence, say for example, in open court.

MR BIZOS: That is what you are asking me to do, then the witness gets into the open court, he takes the stand and he is presented with a video. In five minutes' time we have an argument, the video is inadmissible and the witness goes out of court. Now, what is the purpose of that?

MR BIZOS: Not much purpose is served in that, but if that is all the evidence that the State intends leading about these videos and then tendering and then perhaps they may be compelled to do some rethinking in relation to that, but let me ...

COURT: Well, say for example I rule that this witness gives his evidence temporarily in camera, all that will happen, as I see it, is that he will be sworn, the video will be produced and there will be an objection.

MR BIZOS: Yes.

COURT: Well, the public won't have lost much, would they?

MR BIZOS: I do not think so. My Lord, may I say with respect that I am not going to address this argument to Your Lordship myself. I do not think that we can get people that have prepared this argument here within two hours, if we can get them, if we can get them at all.

COURT: Yes, but we cannot do that on this basis. I mean, I am prepared to wait for them maybe until after lunch and hear the preliminary evidence leading up to the video, but if there is an objection there is an objection. I will have to deal with that then.

MR BIZOS: Yes. What I am really asking Your Lordship, My Lord, is this that it may well be that the persons concerned with the preparation of this argument may be persuaded to present this

argument/..

argument at the outset before any document ...

COURT: No, there is not that difficulty, you see. At the moment I am sitting here on the basis that I must decide whether this witness is to be heard in camera.

MR BIZOS: Yes.

COURT: A practical approach would in my view be, after I have heard the witness, to favour a sitting in camera as that would entail virtually no important evidence until the video is produced, then decide the issue of the video and I can tell you now that as far as I am concerned the video was public property and it should be seen by the public, whether it is seen by the public in the presence of that witness or not is a different matter, but I would be very, very hesitant to withhold the video material from the public.

MR BIZOS: Well, with respect it looks to us that Your Lordship can call the witness and can hear this evidence, but the moment the video is produced I am going to ask Your Lordship for an adjournment until tomorrow morning in order that this argument could be addressed to Your Lordship.

COURT: Yes. Well, let me just hear what Mr Jacobs has to say.

MNR. JACOBS: U Edele, ek weet nie of ek ook nou nog weer moet antwoord op die kwessie van die camera-gee nie.

HOF: Ek het 'n probleem, wat die getuie betref, is die getuie afskeibaar of onafskeibaar van die video in die sin van kan hy die ding identifiseer en dan die hof verlaat en dat ons dan die video kyk? Ek het 'n probleem. Ek dink nie dit is 'n gesonde beginsel om videos te sit en kyk van openbare vergaderings en die publiek word uit die hof uitgejaag nie.

MNR. JACOBS: Ek is ten volle vertroud daarmee. Op daardie aspek wil ek net - die punt is wat ek probeer maak dan op die camera-gewe, is dat die belangrike aspek wat daar in aanmerking

geneem/

geneem moet word, is die feit dat die getuie, hy wat die getuienis gee, dit is van sy kant gesien dat hy is die man wat in gevaar verkeer en wat die beskerming van die Hof vra. Dit is so dat dit is wenslik dat dit moet in die openbaar vertoon word en dit is miskien belangrik dat dit ook so gedoen word, maar die feit is 'n mens moet ook in aanmerking neem dat 'n man het werklik 'n lewensgevaar in die omstandighede waarin ons vandag hier verkeer in Suid-Afrika. Die submissie wat ek wil maak oor die tweede aspek van die argumentering, as dit dan geargumenteer wil word deur die Verdediging - ek het alreeds te kenne gegee dat hierdie man gaan getuienis lewer en ek gaan twee videobande aanbied wat hy moet, wat my submissie is, hy moet sien om sekere insidente en mense en persone - om die video te identifiseer sal hy moet getuienis gee. As daar dan argumente moet kom dan sal dit miskien wenslik wees om nie die ding in stukkies en brokkies te doen nie maar dan dat die argumente as 'n geheel aangebied word en dat die getuienis dan daarna gegee word. So, as My Geleerde Vriend sou voorstel dat dit dan môreoggend die vroegste is wat hulle hier kan wees, laat ons dit dan môreoggend doen. Dit sal ongelukkig nou wees as 'n mens nou die getuie nou moet in stukkies en brokkies neem, omdat, soos ek sê, dit is 'n delikate situasie wat hierso ter sprake is en dat 'n mens dan - as u dan miskien besluit dat onder omstandighede, hoewel ek dit nie kan sien sonder dat die getuie kom om die video te idenifiseer nie, dat dit - maar gestel nou dit sou besluit word dat dit nie aangebied word nie, dan word die persoon in elk geval nie openbaar nie.

HOF: Hy is net op die video?

MNR. JACOBS: Ekskuus, U Edele?

HOF: As die video nie deurgaan nie, gaan die persoon ook nie deur nie?

MNR. JACOBS: Dit is so, U Edele. Hy gaan omstandighede wat die

video/..

video voorafgegaan het, gaan hy getuienis - maar dit is omstandighede met die video.

HOF: Wel, ek sal hom nou eers aanhoor. Laat die getuie binnekom. Laat hy sy naam vir my hierop skryf, asseblief.

IN CAMERA- GETUIE

HOF: Hy hoef nie die eed af te lê nie. Laat hy net sy naam skryf Ek is meegedeel dat u gaan getuig en 'n sekere video-opname van 'n sekere vergadering sal kom identifiseer, en ek is ook meegedeel dat u u getuienis in camera wil aflê. Wat is u redes, waarom wil u in camera getuig? -- Ek glo daaraan dat as ek getuienis kan aflê in die teenwoordigheid van die publiek my lewe kan dalk in gevaar gestel word.

Hoekom sê u so? -- Die rede is dat daar is baie dinge wat ek aangevang het saam met van die beskuldigdes in hierdie huidige saak.

Ja? Van watter organisasies was u lid? -- COSAS, AZASO, NEUSA.

Waar woon u, in watter gebied? -- Soweto.

Die organisasies, COSAS, AZASO of NEUSA, het enige van die organisasies enige standpunt ingeneem oor mense wat getuienis in hofsake aflê? -- Nie sover ek weet nie. Daar is geen standpunt wat hulle geneem het nie.

Waarom sê u u lewe kan in gevaar wees? -- Die rede is dat ek was 'n lid van hierdie organisasies gewees. In die loop van die tyd het ek baie probleme ondervind as gevolg waarvan ek toe bedank het.

Ja? Nou maar waarom sal die mense - u sê dat dit lede van die organisasies is wat u te na sal kom of is dit ander persone wat u te na sal kom? -- Dit is die lede van die organisasies.

Hoekom sê u sal hulle u te na kom? -- Die omstandighede buite is nie eintlik in ooreenstemming met die persoon wat

getuienis/..

getuienis gee teen 'n persoon wat aangekla word weens die politieke bedrywighede van daardie persoon.

Is daar 'n gevoel in die gemeenskap teen mense wat getuig? -- Ja, ek sal liewers dit so stel dat dit 'n gevoel is in die gemeenskap, want wat ek wel van weet is dat in hierdie organisasies wat ek genoem het, dit is die gevoel.

Het u enige voorbeelde waar mense aangerand is of te na gekom is oor hulle getuig het? -- Ja, ja.

Wat is die voorbeelde? -- Daar is 'n sekere persoon wat getuienis gegee het in sekere sake waar ANC betrokke was en die persoon is na verloop van tyd gedood. In die koerante was dit bekend gemaak dat die persoon deur die lede van die organisasie gedood was.

Ja, enige ander voorbeelde? -- Daar is 'n voorval wat plaasgevind het net voor die einde van verlede jaar in die omgewing waar ek woon. 'n Vroumens se huis was aan die brand gesteek en sy is ook verbrand omrede daar beweer word dat sy samewerking het met die polisie.

Is daar nog iets wat u wilsê? -- Nee.

U kan teruggaan. Ek sal die Hof verdaag en die saak eers met my Assessore bespreek.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

SENT IN FOR REVISION

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. CC482/85

DELMAS

1986-05-06

BEFORE: THE HONOURABLE MR JUSTICE VAN DIJKHORST

AND ASSESSORS: MR W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

THE STATE versus PATRICK MABUYA BALEKA AND 21 OTHERS

---

## R U L I N G

VAN DIJKHORST, J.: My ruling is that this witness will give evidence *in camera*. The press should be informed that they are welcome to attend henceforth on the previous conditions, that the name of the witness and his identity are not to be disclosed under any circumstances.

This witness will be known as *in camera* witness no. 12.

\- - -

HOF: Sal u stappe neem om die pers in kennis te stel?

MNR. JACOBS: Ek sal die pers in kennis stel. Die kwessie van die uitstel, sal ons dan voortgaan met die getuienis van vandag?

HOF: Ek wil hoor dat u met u getuienis begin, dat ek hoor wat die beswaar is.

IN CAMERA-GETUIE NR. 12 v.o.e. (Deur Tolk)

MR BIZOS: May we have the witness's name?

COURT: Yes. I am afraid I left my piece of paper - he can write it down again. You will get it eventually from the prosecutor.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Gedurende 1981 was jy 'n student aan die Soweto College of Education. -- Ja, dit is so.

Terwyl jy daar was, het jy aangesluit by enige organisasie daar? -- Ja, dit is so.

Watter organisasie? -- Ek het by COSAS begin en toe by AZASO. Ek het weer later by NEUSA aangesluit.

HOF: Wat is NEUSA? -- National Education Union of South Africa.

MNR. JACOBS: Het jy in die bestuur van COSAS gedien?-- Ja, dit is so.

In watter hoedanigheid? -- Ek was die voorsitter van COSAS se tak in Soweto.

COURT: I see that the press is writing down these particulars. It would be advisable even not to write it down because these particulars may tend to identify the witness and under no circumstances may this witness be identified. Yes?

MNR. JACOBS: Jy sê jy het ook lid geword van AZASO. Wanneer het jy lid geword van AZASO? -- Gedurende die jaar 1984 het ek 'n voorsitter geword van die tak van AZASO by die kollege.

Tot op daardie stadium was jy nog steeds lid van COSAS? -- Op die stadium toe ek 'n voorsitter geword het van die tak van AZASO het ek alreeds COSAS verlaat.

Wanneer het jy COSAS verlaat? -- Die einde van die jaar 1983.

HOF: Kan ek net dit vra, is lidmaatskap van COSAS en lidmaatskap van AZASO teenstrydig of is dit versoenbaar? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Kan ŉ mens gelyktydig ŉ lid wees van COSAS en ŉ lid van AZASO? -- Nie in die meeste van die tyd nie. Dit gebeur nie.

MNR. JACOBS: Terwyl jy nou nog by COSAS was tot einde 1983 en voorsitter was daarvan, het COSAS geaffilieer by UDF? -- In die tyd wat COSAS aan UDF geaffilieer het, het ek alreeds COSAS verlaat.

En AZASO, was dié geaffilieer aan UDF? -- Ja.

Wat is die beleid van UDF omtrent organisasies wat by hom affilieer, omtrent projekte van UDF of kampanjes van UDF? -- Wat ek sal sê is die organisasie wat by UDF geaffilieer het, doen eintlik die meeste van die "branch level" sal ek sê van wat moet gedoen word.

Wat bedoel jy by wat moet gedoen word? -- As ek ŉ voorbeeld moet maak sal ek sê byvoorbeeld as daar probleme is met die huurgelde, hierdie organisasie sal dan moet toesien om dit na te kom, as daar enige probleme is by enige plek waar daar probleme is aangaande huurgelde.

Die organisasie, watter organisasie? -- As ek praat van huurgelde as ŉ voorbeeld en dan sal ek praat van die Civic Associations, sal moet toesien daaromtrent.

En AZASO self dan? -- U Edele, AZASO het ook ŉ deel of ŉ rol wat hy speel aangaande dinge wat betrekking het op UDF, maar meeste van die tyd AZASO sal ŉ belangrike rol speel aangaande dinge wat betrekking het op die onderwys.

Weet u of UDF kampanjes gehad het wat hulle geloods het, nasionale kampanjes? -- Ja, ek weet daarvan.

Watter kampanjes is dit? -- Die eerste een wat ek kan onthou dit was ŉ "campaign against the Tricameral Parliament" en

die/..

die verkryging van mense se handtekeninge om te bewys dat mense teen hierdie beleid is.

Watter kampanjes is daar nog, nasionale kampanjes? -- As ek nou nie 'n fout maak nie, ek het nou melding gemaak van die "Tricameral Parliament" en dan die wette van Koornhof en die "Presiden Council."

Op onderwysgebied, was daar nasionale kampanjes? -- Ja, wat ek van onthou was genoem Education Charter.

Hierdie kampanjes, nasionale kampanjes van UDF, hoe moes hulle uitgevoer word? Wie moes dit uitvoer? -- Soos ek alreeds gesê het UDF bestaan uit verskillende organisasies om hierdie front te vorm. Die organisasies sal wees die mense wat dan die uitvoering van die kampanje moet wees, vir die nasionale kampanjes, want hulle weet wat die mense se probleme is of wat die probleem is in die omgewing waar hulle is.

Is daar enige koördinasie uitgevoer van hoe hierdie kampanjes uitgevoer word? -- Daar moet so 'n koördinasie wees.

Kan jy vir ons daar meer van vertel, hoe dit - was daar so 'n koördinasie en hoe is dit uitgevoer en deur wie? -- Dit het op die volgende manier gebeur. Die organisasies het lede gehad wat na UDF toe gegaan het. Indien daar enige probleme is sal hulle die probleem by UDF gaan voorlê waar hulle bymekaarkom of in 'n vergadering is. Dit is hoe die koördinasie uitgevoer was.

Is daar op 'n gereelde basis sulke vergaderings gehou? -- Ongelukkig sal ek nie vir die Hof kan sê of die vergaderings miskien - hoeveel keer in 'n maand gehou was nie, want ek was nie een van die persone wat gekies was om sulke vergaderings by te woon nie.

Het julle in AZASO sulke persone gehad wat afgevaardig was om vergaderings by te woon? -- Ja, daar was.

Wie/..

Wie is dit? -- Ek weet nie. Wil u hê ek moet hulle name noem?

As dit moontlik is. -- Ek onthou van een vroumens Agasa Khumane.

Wat was die prosedure dan gewees, as sy die vergaderinge bygewoon het, het sy terugrapporteer aan julle komitee? AZASO-komitee. -- Ja, dit is wat sy gedoen het elke keer.

Weet u of daar gereeld verslag teruggedoen word, skriftelike verslae terug moes gegaan het na UDF toe? Oor die aktiwiteite van AZASO. -- U praat nou van skriftelike verslae, "report back". Watter een? Wat praat van die mense wat daar by die vergadering was of watter een?

HOF: Wel, die advokaat wil weet of daar van julle aktiwiteite verslag gedoen is aan UDF. -- Ek kan nie onthou dat ek so 'n verslag gesien het van hierdie organisasie waar ek was nie.

MNR. JACOBS: Jy het ook gemeld hierso van NEUSA, dat jy lid was van NEUSA. Wanneer het dit tot stand gekom? -- Dit is 'n rukkie terug. Ek kan nie so goed onthou wanneer dit was nie. Ek wil nie leuens vertel nie.

Was dit in dieselfde tyd terwyl jy ook aan AZAPO se komitee verbonde was? -- Nee, ek was nooit in AZAPO gewees nie.

AZASO, ek is jammer. Dit is AZASO. -- Ja.

Hierdie organisasie, het hy op die been gekom en het jy ook op sy bestuur gedien? -- Praat u van NEUSA nou?

Ja. -- Ja.

Wat was jy op die bestuur gewees? -- Ek het in die komitee gedien wat gekies was om die "worskshops" te organiseer.

Wat is die "workshops"? -- Eintlik hierdie organisasie is vir die onderwysers. As ek van 'n "workshop" praat, praat ek van 'n byeenkoms van onderwysers waar hulle die probleme bespreek aangaande sekere vakke, hoe 'n mens 'n probleem kan oorkom in 'n

sekere/..

sekere vak as 'n onderwyser.

Wie het hierdie "workshops" aangebied altyd? -- Die vraag is onduidelik. Wat is dit eintlik wat u wil weet?

Wie was die lektore of die mense wat opgetree het daar as die leiers of leiding gegee het? -- Ons het gekies tussen die lede van NEUSA, dit wil sê die onderwysers daar, 'n persoon wat ons voel doen goed in daardie vak, dat daardie persoon dan die lektor sal moet gee.

HOF: Is dit nou - byvoorbeeld in wetenskap, is dit 'n goeie wetenskaponderwyser wat dan vir ander wetenskaponderwysers moet verduidelik hoe die ding inmekaarsit, of wat is dit presies? -- Ja, dit was so gewees.

Het politiek ter sprake gekom? -- Ek vind dit 'n bietjie moeilik om te verstaan, want as u nou praat van politiek, ek weet nie wat dit alles behels nie. Waaroor sal 'n mens praat as dit nou beskou word as politiek?

Nee, u is reg. Ons het nog nie gehoor van NEUSA nie. Ons weet nie wat dit is nie. Ek wil weet of dit 'n suiwer vakvereniging is vir onderwysers om net ten aansien van die vak self die kennis van die onderwyser op te skerp. -- Nou verstaan ek in die sin dat wat daar gebeur het, is byvoorbeeld as 'n mens materiaal het op skrif, dan sal daardie persoon dit saambring byvoorbeeld en dit daar toon en sê kyk, dit is die materiaal wat ek het waarop ek 'n toespraak of waar ek kan sê ons 'n bespreking kan begin.

Watter tipe materiaal is dit? -- Dit wissel van vakke, matesis, Engels.

Dit is vakmateriaal, vakliteratuur byvoorbeeld? -- Ja, dit is vakmateriaal.

MNR. JACOBS: Kan ek dit so stel vir jou was NEUSA geaffilieer by UDF? -- Ja, dit was.

Hierdie/..

Hierdie "workshops" soos jy hulle noem, het enige van UDF se mense ooit daardie "workshops" bygewoon of dit kom aanbied of daarop gepraat? -- Dit sal vir my baie moeilik wees om dit te kan sê, want daar is verskillende organisasies wat aangesluit het by UDF en dit is moeilik om vir 'n mens te sê, tussen die klomp mense wat daar is, om een te identifiseer en te sê daardie een is van UDF, daardie een is van UDF. Ek is nie in staat om dit te kan sê nie.

Vanaf 4 Julie 1984 het AZASO 'n kongres beplan, jaarlikse kongres? -- Vanaf wanneer?

"July, 4 July 1984". -- Nee, ek sal nie sê dit het op die 4de begin nie in die sin dat hulle begin het om voorbereidings te maak. Dit was voor dit, maar op die 4de het die kongres begin.

Beplan vir die 4de en 'n paar dae aan. Dit is wat ek aan jou gevra het.

HOF: Dit is nie wat u gevra het nie.

MNR. JACOBS: Ekskuus, dan het ek dit ...

HOF: U het dit presies verkeerd om gehad. Met ander woorde daar was voor die 4de 'n kongres beplan wat op 4 Julie 1984 begin het. -- Ja, dit is wat ek sê.

MNR. JACOBS: Het jy deel gehad aan die beplanning van hierdie kongres? -- Ja.

In watter hoedanigheid? -- Soos ek alreeds gesê het ek was die voorsitter van die tak van AZASO by die kollege. Aangesien die kongres in Soweto gehou sou word, dit was dus 'n moet gewees vir ons tak om die nodige stappe te neem vir die voorbereiding van die kongres.

U Edele, ek wonder of dit miskien - ek het verstaan dat u wil ..

HOF: Ons wil graag om 20 voor verdaag. Is dit 'n lang storie, die voorbereiding?

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS: Dit gaan 'n hele paar punte wees wat ek gaan noem.

HOF: Ek wil nou die verdaging neem tot 14h00. Die gedagte het by my opgekom, as dit so sou kom dat daar videos vertoon word nadat beslis sou wees oor die vraag of dit toelaatbaar is en as dit so sou wees dat dit vertoon moet word in die teenwoordigheid van die getuie en die publiek dus uitgesluit moet word, of daar nie 'n moontlikheid is dat die publiek dit in elk geval dan kan sien waar die publiek elders is nie. Ek weet nie of dit 'n praktiese moontlikheid is nie.

MNR. JACOBS: Ons het 'n tegniese beampte hierso.

HOF: U kan 'n bietjie daaroor gesels in etenstyd, of daar 'n stel gesit kan word waar die publiek dan wag, dat hulle nie heeltemal uitgesluit is van daardie deel van die getuienis nie.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: U Edele, net voor die getuie begin, ek het met die tegniese beampte gepraat omtrent die videobande wat vir die publiek gespeel kan word. Die stelle, toe hulle opgestel was, was hierdie stelle wat so op die punt staan, was ook opgestel met die oog vir die publiek en ek wil voorstel, en volgens die tegniese beampte, dat ons een van die stelle neem en hom verleng. Ons moet 'n draad kry en hom dan verleng en dan in die gang monteer en dat ons weer soos met die laaste keer toe mnr. Bizos 'n video hier gewys het, dat ons net die stelle miskien lig en dan kan die beskuldigdes wat op die punt sit miskien hierso sien. Dit is die beste wat ons kan doen, want dit is die getal lyne wat daar is. Dit sal môreoggend so geïnstalleer word.

HOF: Dankie. U sal dit so installeer dat indien dit nog so is dat die getuie in camera getuig, hy nie sigbaar is vir die publiek dan nie.

MNR. JACOBS: Nee, ons sal hom heeltemal uitvat by die deur, uit na buite in die gang.

IN CAMERA-GETUIE/..

IN CAMERA-GETUIE NR. 12 (Nog onder eed)

HOF: Ja, ons was op 4 Julie 1984.

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Jy was besig om vir die Hof te vertel van voorbereidings wat getref was vir hierdie kongres. Wat was die geaardheid van hierdie voorbereidings wat julle moes tref? -- Ons was besig by my saak om goed bymekaar te kry of te bekom en die invordering van gelde wat benodig was vir die voorbereiding.

En sale en so aan wat julle moes gebruik? -- Sale was gereël gewees deur 'n ander tak, dit is Wits se tak.

Sprekers? -- The National Executive Committe is die persone wat sprekers gereël het.

Van AZAPO - AZASO? -- Ja, van AZASO.

Was daar 'n program opgetrek? -- 'n Program van die kongres wat gehou gaan word of watter soort program praat u van?

Ja, van die kongres. -- Ja, daar was.

Was die kongres geadverteer? -- Geadverteer hoe? In die koerante?

Koerante of pamflette of enige manier. -- Ek kan nie onthou dat ek dit in die koerante gesien adverteer word nie, maar wat ek wel van weet is dat dit was bekend gemaak aan ander takke dat daar 'n kongres gehou sal word.

Die brosjure of program wat julle gehad het, het jy 'n afskrif daarvan of 'n eksemplaar daarvan gebring na die hof toe? -- Ja, ek het.

U Edele, hier is 'n dokument wat hy aan my op 'n vorige geleentheid oorhandig het. Op dit staan AZASO daar is 'n kring met die woord AZASO op aan die bokant en aan die onderkant van die kring "Force Congress 4 - 8 July 1984, Soweto" en dan 'n tweede kring aan die binnekant daarvan "Organising" aan die bokant, aan die onderkant "For the people's education" en dan in die

middel/..

middel is 'n kaart van Afrika met 'n hand wat 'n pen vashou en daar staan "Education towards democracy" en onderaan staan "brochure". Kan jy net kyk na die dokument. U Edele, ek het ongelukkig net die een wat hy vir my beskikbaar gestel het.

HOF: Is dit nie een van die dokumente in die stukke nie?

MNR. JACOBS: Ek glo nie, U Edele. -- Dit is die dokument.

HOF: Wil u dit inhandig?

MNR. JACOBS: Ek gaan dit inhandig.

HOF: Wat gaan die bewysstuknommer wees?

MNR. JACOBS: Dit is AAV1 is die volgende nommer wat oopgaan.

HOF: Gaan ons nou oor na AAV toe?

MNR. JACOBS: Ja. U Edele, miskien kan die Hof vir my leiding gee ...

HOF: Wat van AAS?

MNR. JACOBS: Ek het gewonder om hierdie almal bymekaar te hou. As hierdie stukke ingaan dan gaan dit V11 wees. Kan 'n mens dit nie V11(a) maak nie en dan hierdie V11(b) maak, want dit gaan dan saam met hierdie ding, dan is hy byderhand by hierdie ding.

HOF: Ja, ek is in u hande. Kyk, ons het gehad AAQ, AAR. Ons het nog nie 'n AAS nie.

ASSESSOR: Nee, ons het. Dit is die erkennings.

HOF: O, dit is die erkennings, ja. U kan my 'n nommer gee dan sal ek hom neerskryf. Wat stel u voor?

MNR. JACOBS: Ek wil voorstel, om dit bymekaar te hou, want hy sal lateraan saamgaan, as die bewysstuk ingaan, V11, dan kan 'n mens dit miskien V11(a) maak en hierdie een (b).

HOF: Net V11, nie AA nie?

MNR. JACOBS: Nee, net V11(b). Die ander dokument sal V11 wees.

HOF: V11(b).

MNR. JACOBS: Nou, in daardie dokument wat jy nou voor jou het, die eksemplaar, kan jy net vir ons sê in die binneblad, wat is

die/..

die program? Dit uitlees aan die Hof. -- "Wednesday, 4 July, 7.00 p.m. opening night. Speakers Oscar Mpetha, Msiwa Teralikotla, Dego Mseneke, Professor Mohamed. First day 5 July from 7.00 up to 8.15 breakfast, 8.30 to 10.00 a.m. executive report. 11.30 - 1.00 p.m. campus reports. 1.00 p.m. up to 2.00 p.m. lunch. From 2.00 p.m. to 6.00 p.m. campus reports. 6.00 p.m. to 7.00 p.m. SAPA. 7.30 p.m. to 11.00 in the evening: Women in the Struggle, in the National Democratic Struggle. Speakers Dorothy Nyembe, Albertina Sesulu, Kgosi Qaba, Amanda Kwadi, Benedict Monama. Friday, 6 July. 7.00 a.m. - 8.15: breakfast. 8.30 - 10.30: Commissions on Organisational Problems. 10.30 - 1.00 p.m.: Reports. 1.00 p.m. - 2.00 p.m.: Lunch. 2.00 p.m. - 4.00 p.m. : UDF Perspectives for the Future - Popo Molefe. 4.00 p.m. - 6.00 p.m.: Culture and Ideology: Jeremy Cronian. 6.00 p.m. - 7.00 p.m.: SAPA. 7.00 p.m. - 11.00 p.m. Freedom Charter and Working Class Leadership: Kenny Kenklovu, Ferros Kashalia and Sydney. Saturday, 7 July: 7.00 - 8-15: Breakfast. 8.30 - 10.00 a.m.: Crisis in Education by Aba Omar. 10.00 a.m. - 12.00 p.m.: Commissions based on above paper. 12.00 - 1.00 p.m.: Reports. 1.00 - 2.00 p.m.: Lunch. 2.00 - 3.00 p.m. : Reports. 3.00 - 4.00 p.m.: Challenges Facing the Student Movement: Deogom Seneke. 4.30 - 6.00 p.m.: Commissions based on above paper. 6.00 - 7.00 p.m. : SAPA. 7.00 - 11.00 p.m.: The Peace Initiatives and their Implications: Biline, Mefe Morobe and Vali Moosa" - I think I have pronounced that correctly. "Sunday, 8 July. 7.00 - 8.15 a.m.: Breakfast. 8.30 - 10.30: Reports and Resolutions. 10.10 a.m. - 12.00 p.m.: Amendments to policy and Constitution. 12.00 - 1.00 p.m.: Elections. 1.00 - 2.00: Lunch" and then closure.

Daar is ook 'n klein blaadjie van dieselfde program, is dit reg? -- Yes, Sir.

'n Los blaadjie/..

'n Los blaadjie. U handig daardie dokument dan in by die Hof as V11(b). Net om dit volledig te kry, voor dit is daar 'n voorwoord deur die president of voorsitter van AZASO. -- Ja.

Het jy hierdie kongres bygewoon vanaf die 4de? -- Ja, ek was.

En meer in besonder die dames-of die vroue-aand, het jy dit bygewoon? -- Ja, ek was.

Waar was dié gehou, die vroue-aand? -- DOCC-saal.

Weet jy waarvoor staan DOCC? -- Ek weet nie so goed waarvoor dit staan nie, maar ek kan miskien raai. Ek is nie seker nie.

Die saal, is hy algemeen bekend daar onder julle as die DOCC-saal? -- Ja, die meeste van die mense ken dit as die DOCC.

Waar is dit geleë? -- "Orlando East", net oorkant die poskantoor.

Die vergadering, hoe laat het jy dit bygewoon? Hoe laat is jy daarnatoe?

HOF: Is dit die vrouekongres?

MNR. JACOBS: Die vrouedeel.

HOF: Was dit die vorige aand voor die vyfde? Wanneer was die vrouekongres? -- Die tweede dag van die kongres.

Dit was 'n vroue-aand vir die tweede dag van die kongres? -- Ja.

MNR. JACOBS: Die persone wat daar op die program aangedui word wat jy nou uitgelees het, is dit die persone wat sprekers was op die vroue-aand? -- Ja, die meeste van hulle - was dit hulle gewees.

HOF: U bedoel was hulle onder die sprekers en daar was nog ander of sê u 'n klompie van hulle het gepraat? -- Die persone wie se name ek daar gelees het, was die sprekers gewees.

MNR. JACOBS: Hoe laat het jy by die saal opgedaag? -- Ek kan nie met sekerheid presies sê hoe laat dit was nie, maar ek skat omtrent na sewe.

Toe jy by die saal opgedaag het, het jy ingegaan daarby? --

Ja/..

Ja. Met my aankoms daar was daar persone gewees wat besig was om in die saal in te gaan, dus het ek gelyktydig met die mense ingestap.

Wat het gebeur binne-in die saal toe? -- Op die stadium wat ek die saal binnegegaan het, daar was 'n gesingery aan die gang.

Het die mense op plekke gesit toe hulle gesing het of hoe was hierdie singery? Kan jy vir ons meer besonderhede gee? -- Daar is 'n hele klompie, min mense, sal ek sê wat gesit het, maar die meeste van die mense in die saal was besig om te dans terwyl hulle sing.

Hoe het hulle gedans? -- Hulle het daar gedans op die volgende manier, dat hulle om die stoele gedans het in beweging.

Het elkeen om 'n stoel gegaan, om die stoel waar hy gestaan het, gedans in beweging of hoe? Kan jy dit meer beskryf vir ons. -- Nee, wat ek bedoel is die mense het om die stoele, die hele stoele van die saal, beweeg terwyl hulle dans, dit wil sê langs die muur van die saal binnekant, om die stoele.

HOF: Al in die rondte? -- Al in die rondte, ja.

MNR. JACOBS: En het hulle so agtermekaar so in die rondte beweeg? -- Ja.

Is daar enigiets wat opmerklik was vir jou tussen hierdie mense wat so in die saal, om die saal gedans het? Enigiets wat hulle by hulle gehad het. -- Ja, wat ek daar opgelet het, was daar was twee manspersone gewees wat by hulle voorwerpe gehad het wat vir my voorgekom het as groot vuurwapens. (Die grootte daarvan word aangedui deur die getuie.) Dit is omtrent die lengte van die ...

HOF: Omtrent 'n driekwart meter.

MNR. JACOBS: Soos watse vuurwapens het dit vir jou gelyk? -- Al kan ek nie sê presies of dit egte vuurwapens was of net speelgoedvuurwapens nie, maar dit het vir my voorgekom asof dit

AK47's was.

Het die mense met die vuurwapens gedans saam met die ander mense in die saal rond, so in die rondte? -- Ek sal nie eintlik sê dat hulle in die rondte gedans het daar om die stoele van die saal nie. Hulle was eintlik aan die een kant van die saal gewees waar hulle heen en weer beweeg het, dit wil sê van een kant af, van een punt na die ander punt toe.

En jyself, toe jy ingekom het, het jy gaan sit of het jy deelgeneem aan die singery en die dansery? -- Met my aankoms daar in die begin het ek aangesluit by die mense wat gesing het.

En so gedans het soos jy beskryf het? -- Ja.

Wat het julle gesing? -- Daar is liedere wat ek na kan verwys as Freedom Songs.

Hoekom sing julle hierdie Freedom Songs, vir watter doel? -- Daar is verskillende redes wat ek van weet hoekom ons hierdie liedere sing.

Ja, wat is die verskillende redes? -- Die eerste punt is dat dit is om te populariseer - dit is met die doel om van ons mense wat goed bekend is te populariseer. Dit wil sê die bekende persone.

Watter persone is dit? -- Oscar Mpetha, Nelson Mandela en nog ander, baie van hulle, wat in die tronk is.

Net dié wat in die tronk is? -- Nee, nie net hulle nie. Daar is van hulle wat oorlede is.

Die wat oorlede is soos? -- Solomon Mahlangu.

Enige ander persone wat spesifiek gepopulariseer word, wat nie in die land is nie? -- Die naam wat ek kan onthou van 'n persoon wat nie in hierdie land is nie, is dié van Oliver Tambo.

Wie is hy? -- Na my wete hy is die president van die ANC buite.

Goed, jy het nou gesê dit is om te populariseer van julle

mense/..

mense wat goed bekend is, wat is nog 'n rede?

ASSESSOR: Ekskuus, voordat u oorgaan, dié Solomon Mahlangu, wie was hy? -- Volgens die koerante hy is een van die lede van die ANC wat opleiding ontvang het en toe teruggekeer het. Met sy terugkoms was hy gearresteer.

Is dit al wat u van hom weet? -- Nee, verder is dat hy na persone geskiet het in Kochstraat. Hy is toe gearresteer. Hy is tronk toe waar hy doodveroordeel was.

MNR. JACOBS: Wat het van hom geword? -- Hy was doodgemaak in Pretoria.

Is hy opgehang? -- Ja.

Laat ons dit net miskien kry, die ander persoon wat jy genoem het wat gepopulasieer word, is Oscar Mpetha, wie is hy? Wat weet jy van hom? -- Hy is een van die presidente van UDF van die Kaap af.

Weet jy iets van hom af, hoekom hy so bekend is behalwe dit? -- Ek weet nie veel van hom nie, behalwe dat ek net weet dat hy is een van die presidente van UDF.

Dan het jy gepraat van Mandela? -- Ja.

Wie is hy? -- Hy is een van die leiers van die ANC wat tans in die gevangenis is te Pollsmoor.

Ons kan nou na die tweede punt toe gaan. Jy het gesê een van die redes is om die mense te populariseer, wat is nog van die redes hoekom julle vryheidsliedere sing? -- Volgens my mening daar is ander liedere wat gesing word om iets bekend te maak wat plaasgevind het of gebeure te laat bekend word of iets wat bestaan wat moet bekend gemaak word. Indien dit nodig is, kan ek 'n voorbeeld daarvan gee.

Asseblief. -- Byvoorbeeld die organisasie van ANC wat sy eie militêre het. Baiemaal word daar gesing van die militêre vlerk.

Wat is dit bekend as? -- Umkontho we Sizwe.

Dit is/..

Dit is die tweede. Is daar nog redes waarom julle vryheidsliedere sing? -- Nie wat ek van kan onthou op die oomblik wat ek hier staan nie.

Die singery, het dit vir 'n redelike tyd aangehou daar in die saal voordat die vergadering begin het? -- Ja, dit het 'n hele rukkie geduur.

Na die singery, wat het toe gebeur? -- Daar is toe begin met die toesprake wat nodig was of wat verwag word.

Het jy gaan sit in die saal en indien wel, waar? -- Ek het gaan sit naby 'n pilaar, want daar is pilare daar in daardie saal.

Kan jy vir ons sê of die saal opgemaak was met enige plakkate of baniere of iets van die aard? -- Ja, daar was gewees van daardie tipe goed.

Wat was daar? -- Daar was 'n goeie klompie van hulle, al kan ek nie presies onthou hoeveel nie, maar ek onthou die een van ons van die tak, van Soweto College of Education.

HOF: Is dit nou baniere of plakkate? -- Ek het 'n bietjie 'n probleem in die verskil, wat die verskil is tussen 'n plakkaat en 'n banier.

'n Plakkaat is 'n ding soos jy sien wat 'n koerant adverteer, dat hy daar te koop is by die koerantverkoper. 'n Banier is gewoonlik 'n langer ding en dikwels van doek wat so gespan word. -- Ja, daar was baniere gewees.

MNR. JACOBS: Vertel vir ons daarvan? -- Daar was 'n banier van ons tak, dit wil sê Soweto College of Education, en nog een van Alexandra Youth Congress. Dit is ook 'n banier.

Kan jy vir ons sê wat het daarop gestaan? Kan jy elkeen van hulle noem, asseblief. -- Wat ek kan onthou is die een van Soweto College of Education wat heel onder geskryf was "Soweto College of Education."

HOF: Is dit al wat daarop was? -- Nee, dit is nie al nie. Daar was nog iets geskryf daar gewees wat ek nie kan onthou wat dit was nie.

MNR. JACOBS: Kan jy nog die Alexandra Youth Congress s'n gee? -- Ek het 'n bietjie moeilikheid om te onthou presies wat alles daarop geskryf was. Wat ek net kan onthou is dat dit was geskryf Alexandra Youth Congress.

Verdere baniere? -- Op die verhoog, net agter die sprekers wat daar toesprake gegee het, was daar 'n banier gewees wat ek net nie kan onthou wie se banier dit was nie, maar daar was een gewees.

Die sprekers, kan jy vir ons sê waar was hulle gewees? -- Hulle het op die verhoog gesit.

Hoe het hulle gesit? Na julle gekyk of weg van julle of hoe? -- Hulle het by die tafels gesit op die verhoog en na die gehoor se kant toe gekyk.

Kan jy onthou wie was daar op die verhoog, watter vrouens? -- Ek sal nie almal van hulle kan onthou nie. Daar is wel van hulle wat ek kan onthou.

Ja? -- Amanda Kwadi, Benedicta Monama, Dorothy Nyembe, Albertina Sisulu. Daar was nog 'n ander een wat eintlik 'n persoon is wat in beheer was van daardie byeenkoms. Ek kan net nie die naam onthou nie.

U Edele, ek het die stadium bereik waar ek dan die videoband aan die getuie wil toon. Ek het dan in my besit 'n verseëlde koevert met 'n polisieseël met rooi lak agterop waar hy verseël is, Polisieseël nr. 1141. Hy het vyf plekke waar rooi seëllak gedrup is en hierdie seël aangebring was. Op die voorkant van hierdie koevert staan daar - dit is amptelike, offisiële koevert, staan daar geskryf "1) Oorspronklike video gemerk op agterkant van video ASAZO '84 National Congress Women's Meeting, Sisulu, Kwadi,

yembe/..

yembe, et cetera." En dan is daar ook aangebring op 'n wit kleefbandstukke, genommer 128.

HOF: Wat is die tweede deel wat u sê, daar is aangebring op 'n wat?

MNR. JACOBS: Op 'n wit kleefbandstrokie of stukkie.

HOF: 'n Nommer?

MNR. JACOBS: En dan genommer 128.

HOF: En die wit kleefband is waarop? Op die koevert geplak?

MNR. JACOBS: Nee, op die kasset. Wat ek nou afgelees het hierso is wat blykbaar op die kasset staan, wat op die koevert aangebring is. Kan ek dan met u verlof die ding maar oopmaak?

HOF: Ja. (Koevert word oopgemaak.)

MNR. JACOBS: Die houer is 'n groot wit houer waarin die band is. Bo-op staan "180 VHS Super Colour E80S", Hitachi.

HOF: Super Colour?

MNR. JACOBS: "Super Colour E180S" en dan onder staan die naam Hitachi.

HOF: Wag 'n bietjie. U het gesê "180 VHS Super Colour."

MNR. JACOBS: Bo-op staan "180 .."

HOF: VHS.

MNR. JACOBS: VHS.

HOF: "Super Colour".

MNR. JACOBS: "Super Colour" en dan die "super colour", is die nommer daarvan E/180S en dan onderaan die omslag staan daar Hitachi. Ek weet nie of ek nog meer - aan die agterkant is dit net weer - net op 'n ander wyse "180S Video Cassette Hitachi VHS."

HOF: Wat staan op die kasset?

MNR. JACOBS: Op die kasset self is die wit kleefband - om die stukkie kleefband eers te behandel, dit is geplak op die een hoek aan die onderkant, daar staan die nommer 128 op, en dan is hier in 'n handskrif geskryf op die - dit is 'n soort van 'n etiket wat gebruik word om op te skryf. Dit is "AZASO '84 National Congress

Women's/..

Women's Meeting - Sisulu, Kwadi, Nyembe et cetera." Ek wil dan die bewysstuk - gaan ingehandig word as BEWYSSTUK ..

MR BIZOS: My Lord, before My Learned Friend - I object to it. In order to - I do the matter properly, My Lord. I would like Your Lordship's leave to ask the witness through whom My Learned Friend is trying to prove it, a couple questions.

COURT: You cannot ask the witness as this stage a couple of questions. You will have to wait until he is under cross-examination.

MR BIZOS: No, with respect, on the question of admissibility I can.

COURT: Well, let me first hear what is your objection?

MR BIZOS: The objection, My Lord, is that before any tape is handed in, which I understand consists of both a picture and sound, there are certain prerequisites which have to be proved and no attempt whatsoever has been made by the State, eithter through this witness or any other basis to make those requirements - to prove those requirements before Your Lordship. Reading what is on a packet, on a thing, does not prove it. If Your Lordship wants me to enumerate, then ..

COURT: Tomorrow morning.

MR BIZOS: Then I can.

COURT: Tomorrow morning. You can address me on this and I will have an answer from Mr Jacobs on it and I will give a decision on it.

MR BIZOS: As Your Lordship pleases.

COURT: And the witness can stand down in the meantime and he need not come to court while this matter is argued.

MNR. JACOBS: Met u verlof kan ek vra dat hierdie dokument dan net aan die ...

HOF: Ek sal hom intussen 'n bewysstuknommer gee. Ons kan die

bewysstuknommer/..

bewysstuknommer weer deurhaal indien dit nie nodig is nie. Die nommer van die vorige een was 27 ...

MNR. JACOBS: U Edele, kan ek vra - ons het hom genommer alreeds as 'n nommer, BEWYSSTUK 11.

HOF: 11? Ja, voorlopig gaan hy in onder BEWYSSTUK 11 onderhewig daaraan dat ek hom toelaat. U kan hom aan my klerk oorhandig as BEWYSSTUK 11.

MR BIZOS: May I suggest, with respect, My Lord, that although I would submit, with respect, that it is correct that the witness need not be here during the course of the argument, which probably Your Lordship would want in open court anyway - it may become necessary, either during or after the argument, to get some clarification from the witness, the way we understand ..

COURT: Well, when I have decided that there is inadequate evidence before the Court, no doubt Mr Jacobs will ask for another bite at the cherry and ask the necessary questions.

MR BIZOS: Maybe, yes. That is why I suggest that he should be in the immediate vicinity.

COURT: I have not come across an instance where the Defence, out of turn, attempts to help the case for the State along by asking the questions the State should ask.

MR BIZOS: I have, but I agree it would be the exception.

COURT: Maybe you have been in some unusual cases, Mr Bizos.

MR BIZOS: It would be exceptional.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 1986-05-07.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-11-81**
*Document Title:-* **Vol 81 p 4187-4216. Witness: IC12**